NWK BEHEREND BEPERK
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007243/06
4AX Aandelekode: 4ANWKH
ISIN: ZAE400000028

("**NWK Beherend**")

NWK BEPERK
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007577/06
4AX Aandelekode: 4ANWK
ISIN: ZAE400000010

("**NWK**")

GESAMENTLIKE AANKONDIGING:

HERNUWING VAN OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

---

1. Aandeelhouers van NWK Beherend en NWK (gesamentlik hierin na verder verwys as die "**Aandeelhouers**" of, soos die konteks mag vereis, "**NWK Beherend Aandeelhouers**" en/of "**NWK Aandeelhouers**") word verwys na die gesamentlike aankondiging wat op 28 April 2020 op 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk ("**4AX**") se nuusdiens gepubliseer was, in terme waarvan NWK Beherend 'n aanbod mag maak om al die uitgereikte aandele van NWK ("**NWK Aandele**") te verkry vanaf NWK Aandeelhouers, anders as NWK Beherend self, by wyse van 'n gekombineerde aanbod deur:

1.1. 'n reëlingskema ("**Skema**") in terme van artikel 114(1) van die Maatskappywet 71 van 2008 ("**Maatskappywet**"). Implementering van die Skema sal lei tot die denotering van NWK vanaf die beurs wat deur 4AX bedryf word en sal NWK 'n ongenoteerde volfiliaal van NWK Beherend word; en

1.2. Vervolgens en indien, *onder andere,* nadat die Skema voorgestel is, die NWK spesiale algemene vergadering ("**Spesiale Algemene Vergadering**") ten einde die Skema te oorweeg en daarop te stem, gekanselleer word deur NWK, of dit vir enige rede nie gehou word nie, of indien die Skema andersins misluk, dan 'n algemene aanbod deur NWK Beherend aan NWK Aandeelhouers ("**Algemene Aanbod**") soos bedoel in artikel 117(1)(c)(v) van die Maatskappywet. Na die Algemene Aanbod, en onderhewig aan die aanneming van 'n denoteringsbesluit, sal NWK gedenoteer word vanaf 4AX en 'n ongenoteerde filiaal van NWK Beherend word,

gesamentlik, die "**Voorgestelde Transaksie**".

2. Aandeelhouers word hiermee ingelig dat onderhandelinge steeds in proses is rakende die Voorgestelde Transaksie wat, indien suksesvol, 'n wesenlike effek op die prys van die NWK Beherend en NWK sekuriteite mag hê.

3. Dienooreenkomstig, word Aandeelhouers geadviseer om omsigtigheid aan die dag te lê wanneer daar gehandel word met NWK Beherend en NWK sekuriteite totdat 'n gedetailleerde aankondiging van vaste voorneme gemaak word of totdat hierdie omsigtigheidsaankondiging teruggetrek word.

4. Die raad van direkteure van NWK Beherend en NWK aanvaar verantwoordelikheid vir die inligting vervat in hierdie aankondiging. Tot die beste van sy kennis en oortuiging, is die inligting vervat in hierdie aankondiging waar en niks is uitgelaat wat oënskynlik die belang van die inligting hier ingesluit sou affekteer nie.

Lichtenburg
28 Mei 2020

4AX EKSTERNE UITREIKINGSAGENT:
Pallidus Capital Eiendoms Beperk